Oordenking
24 Februarie 2010

Waarom offer Christene iets op tydens die Lydenstyd? Behoort jy dit ook te doen?

Die bekendste manier om in hierdie tyd die lyding van Jesus in die protestantse kerke te herdenk, is om iets wat vir jou kosbaar of belangrik is op te offer gedurende hierdie tyd. Dis 'n vorm van vas en gaan gepaard met verdieping in jou gebedstyd met die Here, waarin veral gesmeek word om geestelike groei, omdat daar so diep nagedink word oor die lyding van Jesus in ons plek. **Om iets wat vir jou belangrik / kosbaar is op te offer vir die Lydenstyd, behoort jou voortdurend daaraan te herinner wat Jesus vir jou opgeoffer het, om jou van jou sonde te verlos.**

Hierdie geestelike dissipline se betekenis lê daarin dat jy plek maak vir gefokusde tyd waarin jou verhouding met Jesus verdiep word.

Maar as dit niks anders is as 'n onderwerp om oor te gesels nie, of 'n manier om jou geestelike meerderwaardigheid af te wys nie of as dit vir jou net 'n pyn is wat jou soos 'n martelaar laat voel, - moet dit liewer nie doen nie!

Die karakter van Geestelike dissipline wat 'n verskil gedurende die lydenstyd maak:

- Leer die waarde van daaglikse berou en verootmoediging deur na Christus toe te gaan vir vergifnis en heiligmaking.
- Verdieping van ons gebedslewe met meer tyd om na God te luister en minder oor ons eie sake te praat.
- Verdieping van ons lewe met die Here, met meer tyd vir sy Woord. Lees byvoorbeeld elke dag ook nog 'n Psalm by en kies een van die Evangelies om die lydensgeskiedenis van Christus perikoop vir perikoop deur te lees en daaroor na te dink.
- Getroue aanbidding saam met God se mense in die kerk en die gereelde viering van die Nagmaal vir die doel waarvoor Christus dit ingestel het.
- Om selfopofferend te gee vir 'n saak wat God op jou hart lê.
- Om te vergewe. Almal wat jou te kort gedoen het. Om vrede te maak met die belangrike mense in jou lewe, jou mede kerklidmate ingesluit.

'n Voorbeeld van 'n gebed vir die Lydenstyd:
O Here, ontferm U oor ons,
neem my sonde weg,
en in u barmhartigheid, steek die vuur van u Gees in my lewe aan.
Neem my hart van klip weg en skenk my 'n hart van vlees,
'n hart wat U meer en meer liefkry,
'n hart vol vreugde oor U,
om U te volg en te geniet.
om Christus wil, Amen.
Lydenstyd gebed van Ambrose van Milan (AD 339-397)